



VOORBEELD

Conquesta 2014

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)

Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika

Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074


E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com



Afrikaans 2 (Eerste Addisionele Taal) – Graad 7

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood deur **SLEGS** 'n **swart of blou balpunt- of swart kokipen** te gebruik. (Moet asseblief nie potlode, kleurpotlode, glimpenne, flaterwater of gom gebruik nie.) Byvoorbeeld, as die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood. (Sien voorbeeld 1 hieronder.) Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (Sien voorbeeld 2 hieronder.)

Voorbeeld 1:-



Voorbeeld 2:-



Lees die leesstuk en beantwoord die vrae noukeurig op die antwoordblad.

Hoe om 'n probleem te hanteer.

Een van mev. Thoko Molefe se kinders is byna dood toe sy net twee jaar oud was. Al die kinders in die nedersetting het graag in die water naby die wasgebied gespeel. Maar hulle het kort-kort siek geword met maagprobleme en diarree.

1. Watter een van die volgende stellings is waar?

- (a) Mev. Molefe en haar gesin bly in die stad.
 (b) Mev. Molefe en haar gesin bly in die platteland.
 (c) Mev. Molefe en haar gesin bly in 'n dorp.
 (d) Mev. Molefe en haar gesin bly ondergronds.

2. Die kind wat siek geword het, is 'n

- (a) tiener. (b) kleuter. (c) baba. (d) volwassene.

3. Die trappe van vergelyking vir 'oud', is

- (a) ouder – oudste. (b) ouer – oudste.
 (c) ouer – oudste. (d) ouder – oudste.

4. Die afkorting 'mev.' volledig uitgeskryf lyk so:

- (a) Mevrouw (b) Mejuffrou (c) Juffrou (d) Mefrou

5. Die woord 'kort-kort' beteken


- (a) soms. (b) dikwels. (c) nooit. (d) altyd.

6. Die kinders het in die water gespeel, want

- (a) hulle wou siek word. (b) hulle wou stout wees.
 (c) dit was pret. (d) dit was baddag.

7. Mense wat saam in 'n huis woon waar daar ouers en kinders is, is 'n

- (a) familie. (b) koshuis. (c) inwoners. (d) gesin.



Toe haar kind siek word, het mev. Molefe vir die dokter by die kliniek gevra **WAAROM?** Die dokter het vir haar gesê besoedelde water is die probleem en sy moet haar kinders weghou van die vuil waswater.

Sy het probeer om haar kinders weg van die vuil waswater te hou, maar sy kon nie altyd daarin slaag nie. Toe is nog 'n kind ook amper dood en die dokter het gesê dit was om dieselfde rede.

Mev. Molefe het besef die oplossing vir die probleem was om op te hou om vuil water in die straat uit te gooi en nie om die kinders te belet om in die water te speel nie. Om dit te doen, het sy gevra **WAAROM** gooi mense vuil waswater in die straat? Toe sien sy daar was geen ander plek om die water te gooi nie.

8. Die teenoorgestelde woord vir 'skoon', is

- (a) silwerskoon. (b) beeldskoon. (c) vuil. (d) skoner.

9. Die kinders word siek, want

- (a) hulle ouers is so streng. (b) hulle speel in die straat.
 (c) hulle is probleemkinders. (d) hulle speel in vuil water.